

JOU GESONDHEIDS KOMPAS



Veranderings in gesondheidsprodukte **2021**

BYDRAEVERHOINGS VIR DIE DISCOVERY HEALTH MEDIESE SKEMA VAN KRAG 1 JULIE 2021

Met die bekendstelling van hul 2021-produkaanbod in September verlede jaar het die Discovery Health Mediese Skema 'n 0%-bydraeverhoging vir die eerste 6 maande van 2021 aangekondig.

Die skema het 'n 5,9% bydraeverhoging vir alle planne aangekondig wat vanaf 1 Julie 2021 van krag is, wat beteken dat die jaarlikse gemiddelde geweege verhoging 2,95% sal wees. Voordele sal vir die res van die jaar onveranderd bly: d.w.s. dat die bydraeverhoging nie vergesel word deur verhogings of veranderings in voordele nie. Daar sal egter 'n verhoging in u mediese spaarrekening (MSR) wees vir die Spaarder-, Prioriteit- en Omvattende planne, aangesien u MSR bereken word as 'n persentasie van u bydrae. Daar sal ook 'n vermindering in u selfbetalingsgaping vir die Prioriteit- en Omvattende planne wees.

U kan 'n Webinaar waarin hierdie veranderings bespreek word via die Microsoft Team program aanlyn by hierdie skakel kyk: [Klik hier vir die Webinaar](#)
Onthou u gaan data gebruik as u die Webinaar kyk.

Planveranderings

As gevolg van die vertraagde verhoging, sal u nog 'n kans gegun word om u plan vir die res van die voordeeljaar te verander. Hierdie verandering sal vanaf 1 Julie 2021 van krag wees

Daar is verskeie maniere hoe ons u kan help om die voordele van u plan beter te verstaan.

U is welkom om enige van die opsies, soos hieronder aangedui, te gebruik.

- Om die DHMS-bydraetabel vir Julie tot Desember 2021 oop te maak - [klik hier](#):
- U **Alexander Forbes Health konsultante, NT Snyman en Rachelle Swart**, sal beskikbaar wees om u te help om 'n ingeligte keuse te maak. Die kontakbesonderhede is as volg:

NT Snyman

Tel: (021) 809 3669 of
[snyman@forbes.com](mailto:snymann@forbes.com)

Rachelle Swart

Tel: (021) 809 3743 of
swartra@forbes.com

As u u plan wil verander, stuur asseblief die opsiewysigingsvorm aan Christine Lombard voor die afsnydatum van 11 Junie 2021. [Klik hier](#) vir die opsiewysigingsvorm.



Die afsnydatum vir planveranderings is 11 Junie 2021.

Bladsy 1 van 3

Die implikasies van die Julie-verhoging vir u mediese spaarrekening (MSR)

U MSR word as 'n persentasie van u totale bydraes bereken. Klassieke planne allokeer 25% van u totale bydrae toe aan u MSR, terwyl Essensiële planne 15% en Coastal planne 20% toeëin. 'n Verhoging in bydraes sal dus beteken dat daar vir die res van die jaar 'n verhoging in u MSR sal wees.

Indien u op 'n drempelplan soos 'n Prioriteit-plan of Omvattende plan is, kan die verhoging in u MSR moontlik help om u selfbetalingsgaping (SBG) te verlaag, aangesien drempelwaardes onveranderd bly. Indien u reeds u drempel oorskry het, sal eise steeds uit u bo-drempelvoordeel befonds word, ten spyte van die byvoeging van fondse in u MSR. Hierdie addisionele fondse kan tot in 2022 oorgedra word of gebruik word vir buitengewone uitbetalings, soos eise vir voordele waar u 'n voordeellimiet oorskry het.

Voorbeeld: 'n Hooflid + eggenoot + 2 kinders op 'n Klassiek Omvattende plan.

	1 Januarie 2021	1 Julie 2021	Verandering
Jaarlikse Mediese Spaarrekening (MSR)	R41 880	R43 116	R1 236
Jaarlikse drempel	R51 700	R51 700	R0
Jaarlikse selfbetalingsgaping (SBG)	R9 820	R8 584	-R1 236

Indien die gesin reeds die drempel van R51 700 teen 30 Junie 2021 oorskry het, kan die byvoeging van R1 236 tot die MSR vorentoe rol as 'n beginsaldo vir 2022, of dit kan op versoek gebruik word as 'n uitsondering sou die familie 'n voordeellimiet oorskry.

Om na 'n laer plan oor te skakel

Indien u kies om na 'n laer plan oor te skakel, wees asseblief bewus dat u 'n terugvordering op u MSR mag skep indien u meer as die helfte van u MSR op u bestaande plan gebruik het. Die mediese skema gee u toegang tot u volle jaarlikse MSR in Januarie van elke jaar. In wese betaal u hierdie MSR wat aan u voorgeskiet is maandeliks terug wanneer u u maandelikse bydrae betaal (aangesien 25%, 20% of 15% van u bydrae aan u MSR toegewys is). Indien u meer van u MSR gebruik het as wat u deur middel van u maandelikse bydrae terugbetaal het, loop die skema die risiko om nie die volle terugbetaling vir die voorskot van u MSR te ontvang nie, en kan die fonds u dan vra om die uitstaande bedrag terug te betaal (wat dan as 'n terugvordering bekendstaan).

Voorbeeld: 'n Hooflid + eggenoot + 2 kinders op 'n Klassiek Spaarder-plan kies om na die laer Essensiële Spaarder-plan oor te skakel van 1 Julie, maar het reeds die volle MSR vir die Klassiek Spaarder-plan gebruik.

	Geprojekteerde jaarlikse waardes op Klassiek Spaarder soos op 1 Januarie 2021	Klassiek Spaarder-MSR vir die tydperk 1 Januarie 2021 tot 30 Junie 2021	Essensiële Spaarder-waardes van 1 Julie 2021 tot 31 Desember 2021	Werklike MSR-fasiliteit beskikbaar vanaf 1 Januarie 2021 tot 31 Desember 2021	Terugvordering op MSR
	(a)	(a) x 50% = (b)	(c)	(b) + (c) = (d)	(a) - (d)
Mediese Spaarrekening (MSR)	R25 548	R12 774	R6 348	R19 122	-R6 426

In Januarie sou 'n jaarlikse MSR van R25 548 aan die gesin toegewys word (R2 129 per maand). Die lid betaal elke maand die R2 129-MSR-toewysing terug aan die skema as deel van hul maandelikse bydrae. In wese sou hulle net die helfte van die jaarlikse MSR terugbetaal het; d.w.s. R12 774 teen 30 Junie 2021. Indien hulle na die laer Essensieel Spaarder-plan oorskakel op 1 Julie 2021, sal hulle MSR vir die tydperk Julie tot Desember 2021 optel tot R6 348 ('n toewysing van R1 058 per maand). Dit sou effektief vir hulle 'n jaarlikse MSR van R12 774 op die Klassiek Spaarder vir 6 maande gee, + R6 348 op die Essensieel Spaarder vir 6 maande = R19 122 vir die jaar.

As mens sou aanneem dat die gesin die volle jaarlikse MSR van R25 548 teen 30 Junie 2021 gebruik het en dan na die laer Essensieel Spaarder-plan oorskakel, sal daar van die gesin vereis word om R6 426 aan Discovery Health Mediese Skema terug te betaal, wat die verskil verteenwoordig tussen die jaarlikse MSR van R25 548 toegewys en gebruik op die Klassiek Spaarder-plan en die effektiewe jaarlikse MSR van R19 122 ná die oorskakeling na die Essensieel Spaarder-plan.

Om na 'n hoër plan oor te skakel

Indien u kies om na 'n hoër mediesefondsplan oor te skakel, wees asseblief bewus dat enige voordeellimiete vir die res van die jaar proporsioneel toegewys sal word.

Mag u goeie gesondheid geniet.

NT Snyman

Tel.: 021 809 3669

E-pos: snymann@forbes.com

Alexander Forbes Health